

AP

Geskrewe Verslag

50 punte

Leerdersboek bladsy 50, Oefeningboek bladsy 21

Voorgestelde oplossing

- Inleiding**
 Moet die volgende konsepte insluit:
 Definisie van 'n maatskappy. Die leerder moet verwys na die afsonderlike regspersoonlikheid en dat dit afsonderlik van sy eienaars kan bestaan.
 Maatskappye het beperkte aanspreeklikheid d.w.s. die maatskappy is aanspreeklik vir sy eie skuld. Indien die maatskappy insolvent raak, is die eienaars se aanspreeklikheid beperk tot die bedrag wat hulle in die maatskappy belê het.
 Die grondwet van die maatskappy bevat die Akte van Oprigting en die prospektus.
 Die prospektus is 'n dokument wat lede van die publiek uitnooi om aandele in 'n maatskappy te koop.
 Die eienaars van die maatskappy staan bekend as aandeelhouders.
 Die aantal aandele gelys deur die maatskappy is die gemagtigde aandeelkapitaal.
 Die aandele wat verkoop is staan bekend as uitgereikte aandeelkapitaal. Die waarde verteenwoordig Gewone aandeelkapitaal.
 Wins wat teruggehou word, gebruik vir die volgende finansiële jaar en staan bekend as verdeelbare reserwes en word as behoue inkomste aangeteken.
 Maatskappye betaal belasting vir die jaar. Inkomstebelasting is 'n uitgawe en enige bedrag wat aan SAID (Inkomstebelasting) geskuld word is 'n aanspreeklikheid. Enige bedrag betaal gedurende die jaar d.i. voorlopige inkomstebelasting word aangeteken in die KBJ en oorgedra na die debietkant van SAID (inkomstebelasting).
 Die aandeelhouders van 'n maatskappy is geregtig op 'n wins wat ons dividende noem. Dividende kan betaal word gedurende die jaar via die KBJ deur DIVIDENDE OP GEWONE AANDELE ('n uitgawerekening) te debiteer of verklaar word aan die einde van die jaar, wat beteken dit is steeds verskuldig, dan word DIVIDENDE OP GEWONE AANDELE gedebiteer en AANDEELHOUDERS VIR DIVIDENDE, 'n aanspreeklikheidsrekening, gekrediteer.
 Direkteursfooie en Outditfooie moet afsonderlik getoon word en nie by salarisse en lone gevoeg word nie.

Privaat maatskappye	Publieke maatskappye
Naam eindig met (Edms.) Bpk. of (Eiendoms) Beperk	Naam moet eindig met Bpk. of Beperk
Een tot 50 aandeelhouders	Minimum een aandeelhouer
Bestuur deur ten minste een direkteur	Bestuur deur ten minste drie direkteure
Kapitaal word bygedra deur die stigters	Kapitaal verkry deur verkoop van aandele aan die publiek
Aandele oorgedra met die toestemming van die aandeelhouders	Aandele is vrylik oordraagbaar
Finansiële State en inligting word aan die aandeelhouders beskikbaar gestel	Finansiële State word gepubliseer en enigiemand mag toegang tot die gepubliseerde inligting kry.
Mag 'n prospektus uitreik	Reik 'n prospektus uit ten einde die publiek te kry om aandele te koop
Mag met besigheid begin sodra die Akte van Oprigting ontvang is	Begin besigheid na Akte van Oprigting uitgereik is
Nie verpligtend om statutêre vergaderings te hou nie	Verpligtend om statutêre vergaderings te hou
Mag nie op 'n sekuriteitebeurs gelys word nie	Mag op 'n sekuriteitebeurs gelys word